higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2

(3011022)

10 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

482Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Sakeondernemings bedryf hul aktiwiteite binne die ... omgewing.

A fisiese
B makro-
C mikro-
D mark-

1.1.2 'n ... van die rand teen die dollar word deur 'n verlaging van die rand getoon.

A Depressie
B Appresiasie
C Inflasie
D Depresiasie

1.1.3 Die ouderdomsgroep 16–64 staan as die ... groep bekend.

A ekonomies aktiewe
B hoogs geskoolde
C energieke
D primêre koste

1.1.4 Wanneer invoere meer is as uitvoere lei dit tot 'n ... betalingsbalans.

A horisontale
B positiewe
C negatiewe
D vertikale

1.1.5 Britse ponde in die Suid-Afrikaanse Reserwebank sal as ... gekategoriseer word.

A inflasiekoers
B rentekoers
C buitelandse geldeenheid
D wisselkoers

1.1.6 Watter EEN van die volgende sal tot die verbetering van 'n land se produkte lei?

A Bevolkingsgroei
B Kultuur
C Tegnologie
D Wisselkoers

1.1.7 ... -markte dra fondse oor van dié wat fondse beskikbaar het na dié wat nie fondse beskikbaar het nie.

A Ruil
B Fonds
C Finansiële
D Kommoditeit

1.1.8 Andrew betaal 25% inkomstebelasting op sy salaris van R32 000, wat beteken dat hy 'n bedrag van ... aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens betaal.

A R5 300
B R8 000
C R25 000
D R2 500

1.1.9 ... -waarde word geskep wanneer goedere vir latere gebruik opgeberg word.

A Vorm
B Tyd
C Besit
D Plek

1.1.10 Wat is die ekonomieterm vir 'n land wat sekere goedere en dienste beter as 'n ander lander produseer?

A Geleentheidskoste
B Vryhandelskoste
C Absolute voordeel
D Produksievoordeel

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Platinum	A	vraag voldoen aan die aanbod
1.2.2	Betalingsbalans	B	vermindering in ekonomiese aktiwiteite
1.2.3	Ewewigstoestand	C	prys van een geldeenheid ten opsigte van 'n ander geldeenheid
1.2.4	Binnelandse handel	D	klein sakeondernemings nie geregistreer nie
1.2.5	Resessie	E	produksiefaktor
1.2.6	Inflasie	F	handelsrekord tussen die residentland en die res van die wêreld
1.2.7	Informele sektor	G	verhoging in die prys van goedere en dienste
1.2.8	Wisselkoers	H	kan nie basiese behoeftes bekostig nie
1.2.9	Natuurlike hulpbronne	I	werkloosheid in Suid-Afrika
1.2.10	Armoede	J	ruil van goedere en dienste binne 'n land se grense
		K	Suid-Afrika se belangrikste uitvoerkommoditeit

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.3.1 'n Onderneming kan ten volle in beheer wees van die aktiwiteite in die markomgewing.

1.3.2 Die SARB het die alleenreg om note en munte uit te reik om ekonomiese aktiwiteite te vergemaklik.

1.3.3 Sikliese veranderinge in die ekonomie word deur wêreldwye veranderinge veroorsaak.

1.3.4 MIV/VIGS verhoog afhanklikheid van die regering.

1.3.5 Die taxibedryf is die belangrikste bron van inkomste vir die regering.

Kopiereg voorbehou

1.3.6 Depresiasie van die rand verhoog die prys van invoere.

1.3.7 Voedsel is 'n voorbeeld van duursame goedere.

1.3.8 Indien die inflasiekoers 5% is, beteken dit dat 'n mandjie goedere 5% meer kos as voorheen.

1.3.9 Die doel van die monetêre beleid is om werkloosheid te verminder.

1.3.10 Proteksionisme beteken dat daar nie enige beperkings op handel tussen lande is nie.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Tango Chickens is 'n informele onderneming wat braaikuikens by die taxistaanplek verkoop. Gebruik die gegewe inligting om die vrae te beantwoord.

PRYS (R)	VRAAG (AANTAL KUIKENS)	AANBOD (AANTAL KUIKENS)
50	20	100
40	40	80
30	60	60
20	80	40
10	100	20

2.1.1 Verduidelik die term, *wet van vraag*. (2)

2.1.2 Identifiseer die ekwilibriumprys en ekwilibriumhoeveelheid in die gegewe tabel. (2)

2.1.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Die wet van aanbod bepaal dat indien die prys van 'n produk verhoog, die aanbod afneem. (1)

2.1.4 Noem DRIE faktore wat die vraag na goedere beïnvloed. (3)

2.2 Gee TWEE voorbeelde van gemeenskapsaktiwiteite wat deur sakeondernemings geborg word. (2)

2.3 Wat is die voordele van 'n sosiale verantwoordelikheidsprogram vir 'n sakeonderneming?

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

2.4 Onderskei tussen *strukturele veranderinge* en *sikliese veranderinge* in die ekonomie. (2 + 2) (4)

2.5 Verduidelik TWEE negatiewe gevolge wat beurtkrag op sakeondernemings en huishoudings in Suid-Afrika het. (2 × 2) (4)

2.6 Gee VIER redes vir internasionale handel. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

SUID-AFRIKA SE MEI-INFLASIEKOERS HAAL MIDDELPUNT VAN TEIKEN

Suid-Afrika se jaarlikse inflasie het in Mei toegeneem, met die koers wat die middelpunt van die sentrale bank se teiken bereik het, omdat hoër voedsel- en drankpryse tot die verhoging bydra.

[Bron: *www.news24.com*, 19 Junie 2019]

3.1 Noem TWEE tipes inflasie. (2)

3.2 'n Denkbeeldige mandjie goedere het in 2018 R800 gekos. Inflasie het in 2019 met 5% toegeneem.

Bereken hoeveel dieselfde mandjie goedere in 2019 sal kos. (4)

3.3 Watter invloed het verhoogde inflasie op die ekonomie van 'n land? (4 × 2) (8)

3.4 Wat is die naam van Suid-Afrika se sentrale bank en die goewerneur daarvan? (2)

3.5 Gee VIER voordele van uitvoere in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 × 2) (8)

3.6 Gee TWEE voorbeelde van drank waarvan die pryse die potensiaal het om die inflasiekoers te verhoog. (2)

3.7 Gesien in die lig van die wet van aanbod, verduidelik waarom dit voordelig sal wees om in voedsel en drank te belê. (2 × 2) (4)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

REGULERING VAN WERKTYD

Elke werknemer is onderhewig aan 'n indiensnemingskontrak of bepalings en voorwaardes wat op 'n bepaalde werk of bedryf van toepassing is. Die meeste werknemers se werktyd word deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van 1997, soos gewysig, gereguleer.

[Bron: *www.iol.co.za*, 28 April 2019]

4.1 Verduidelik die term, *indiensnemingskontrak*. (2)

4.2 Wat is die doel van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes? (2 × 2) (4)

4.3 Verduidelik TWEE voordele daarvan om meer opgevoede en geskoolde arbeid in die werkplek te hê. (2 × 2) (4)

4.4 Noem DRIE geleenthede wat deur verstedeliking veroorsaak is. (3 × 2) (6)

4.5 Alle werknemers wil goedere en dienste koop met geld wat hulle verdien om sommige van hul behoeftes te bevredig.

4.5.1 Noem VIER eienskappe van behoeftes en begeertes. (4)

4.5.2 Verduidelik die term, *kapitaalgoedere*. (2)

4.6 Tabelleer die verskil tussen die *uitbreidingsfase* en die *resessiefase* van die handelsiklus. (4 + 4) (8)

[30]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

DRIE AFSONDERLIKE TREINBRANDE VERTRAAG WES-KAAPSE PENDELAARS

Volgens Metrorail het 'n skietvoorval en 'n brand ernstige treinvertragings by die Mbekwenistasie in die Paarl, Wes-Kaap, veroorsaak.

Zino Mihi, die woordvoerder, het aan News24 gesê dat trein 3520 om 12:26 by die stasie aan die brand gesteek is en dat 'n skietvoorval daarna aangemeld is.

Metrorail het aangekondig dat, as gevolg van die voorval, treinritte meer as 'n uur langer sal duur terwyl die ondersoek aan die gang is en die gebied opgeruim word.

[Bron: *www.news24.com*, 28 September 2018]

5.1 Verduidelik die term, *infrastruktuur*. (2)

5.2 Gee VIER voorbeelde van infrastruktuur wat die ekonomie kan bevoordeel. (4)

Kopiereg voorbehou

5.3 Verduidelik kortliks VIER uitdagings wat vertraging van treine vir pendelaars en sakeondernemings kan veroorsaak. (4 × 2) (8)

5.4 Noem VIER regeringsbeskermingsdienste vir die beperking van misdaad. (4)

5.5 Skryf elk van die volgende akronieme voluit:

5.5.1 VPI ('CPI')

5.5.2 BBP ('GDP')

(2 × 1) (2)

5.6 Op watter VIER maniere kan ekonomiese waarde tydens die produksieproses toegevoeg word? (4)

5.7 Onderskei tussen *invoere* en *uitvoere*. (3 + 3) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou